
Rose

# OPSAAL!



NO. 1: 1996



Elke tree van daardie so bekende ou wandelpad was vir my 'n douvars openbaring, asof ek na 'n jarelange verblyf in 'n vreemde land weer daarop tuisgekom het.

Henri Snijders

## VAN DIE REDAKTEUR

"Kyk, hierheen kom ek nie weer terug nie! Dis nou vir my glad nie lekker nie - dis te koud! Volgende keer sal ek maar net in die voetheuwels kom rondloop en nie weer sal ek kla as dit warm is nie. Ek hou net niks hiervan nie." So verseker ek vir Salomé, een snerpend koue oggend bo-op die Drakensberge, terwyl ek uit die wit gerypte tent kruip en die vorige aand se bevrore teesakkies eenkant toe gooi. " Dis malligheid!"

"Dis malligheid", sê iemand vir my toe ek minder as 'n week later terug verlang berg toe en wens dat ek net een dag daar bo-op die berg kon oorhê! Hoe lekker is dit nie om die foto's oor en oor te kyk en weer te herleef nie. Dis sekerlik 'n stapper wat gesê het: "As 'n mens ouer word, bêre jy al hoe minder dinge, maar jy onthou al hoe meer."

Met sulke lekker stappe en vriende is daar mos sovéél om te onthou en so min dinge nodig om te bêre! Lees in hierdie uitgawe weer van al ons "onthou" van die afgelope tyd.

AléTTE SMITH

## HULDEBLYK

deur Tom Boshoff

Ons vriend Louis Aucamp is nie meer met ons nie. Na bittere stryd en lyding moes hy die stryd op 15 November 1995 gewonne gee. Ons innige meegevoel en simpatie met Lina en kinders.

Ek lees en herlees telkemale sy "Geheim van die Bergmense." ( Sien Opsaal no. 1 1995.) Dit bevestig dat, alhoewel hy nooit saam met Berg-en-Dal gestap het nie, hy die insig openbaar het wat niemand ooit kon of sou verwag het nie. Sy verwysing na Simon v. d. Stel is weergaloos.

Dis soos ek ons vriend geken en ervaar het. Met die geringste aanleiding kon hy 'n bespreking by die skepping van die heelal gaan haal het en ver in die toekoms indra.

Slaap rustig ou vriend. Ons sal eendag besef wat ons verloor het. Ek verlang elke dag na jou. Jy was 'n besonderse mens, enig in jou soort, geseën met wysheid en kennis wat nie maklik geëwenaar kan word nie. Dankie dat ek dikwels by jou kon gaan skuil en daarna geïnspireerd kon voortgaan.

ERRATUM
Opsaal no 1:1995
CRADOCKKLOOFPAS.
Die pad is in 1815 en nie in 1915 in gebruik geneem nie.

> Die grootste geskenk wat jy jou vriend kan gee, is 'n stukkie van jouself
>
> - Ralph Waldo Emerson -



## DIE OSSEWATREK. ( 1938 )

deur Tom Boshoff

Die twee kakebeenwaens het op 1 September 1938 op George aangekom en dit word beskou as die magtigste en grootste ontvangs sedert vertrek uit Kaapstad. 'n Twee myl lange stoet, 'n perdekommando, 3000 skoolkinders, honderde motors, 25 ossewaens en tienduisend mense was by die ontvangs teenwoordig.

Tydens 'n toespraak het mnr. J. D. Meyer die volgende feite aangestip:
1) Gedurende 1777 het die V.O.C.,waar George vandag lê, 'n buitepos gestig.
2) In 1811 is 'n nuwe distrik, genaamd George geproklameer.
3) In 1811 is die eerste erwe verkoop.
4) In 1811 is die N.G.Gemeente gestig.
5) Die poshuis het aan die onderent van Yorkstraat gestaan.
6) Die pad na die ooste het oor Pampoenkraal (Saasveld) gegaan. Terwyl die pad na die noorde oor Cradocksberg gegaan het. Die bakens langs die pad is deur die Afdelingsraad opgerig. Die trek, onderweg na Pretoria, is verder na Oudtshoorn oor Montagupas voortgesit.

Pogings is daarna aangewend om Courtenystraat se naam te verander na Voortrekkerstraat, maar sonder sukses.

(Bron: GEDENKBOEK)

> Die dag waarop ek nie gebid het nie, is 'n dag waarop ek by God gespog het met my eie krag
>
> - Owen Carr -

## 'n LOERIEVEER IN DIE HOED VAN...

deur Poekie le Roux

Om as Noord-Transvaler en 'n vurige ondersteuner van die Blou Bulle op George te kom aftree is 'n geskenk direk uit die hemel. Ons word lede van Berg-en-Dal en weet dat ons gekom het om te bly, want elke stap, hoe swaar ek ookal gekry het, was 'n belewenis. Tonnelbos en die varingbos het my stil laat staan. Die woorde:

"Ek sien die veld, die bosse, berge, vlaktes
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, U kind."

Ek steek graag 'n loerieveer in Lina se hoed - sy het haar oor my ontferm en aangemoedig. Attakwas word my nagmerrie, maar gelukkig, met die hulp van Giel en Austen, maak ek dit tog (onthou die temperatuur was darem die dag 32°C.) 'n Bloedrooi veer vir Austen en Giel wat al die pad by my gebly het en hulle water met my gedeel het.

Hoe heerlik was dit om Doringrivier te stap en te kon deel in Kitty se kennis van veral die proteas - ook sy kan 'n veer in haar hoed steek vir die kosbare werk wat sy met soveel liefde doen.

Swartrivierdam het vir my 'n besondere bekoring en oom Tom kan 'n veer in sy hoed steek vir die navorsing wat hy gedoen het en dit met ons in Opsaal gedeel het. Ek dink die dam "behoort" aan die Berg-en Dallers - kom ons nie die meeste daar nie?

En George piek - 'n veer vir Helena wat alleen van Witfontein tot by die spoor gestap het. Ongelooflik, ek kon dit nie glo nie - die wolke lê onder ons en ons kyk uit oor die hele George en omgewing en weet: "Hoe groot is God."

As ek aan Gamkaskloof dink - die "Hel" - wat, ten spyte van Giel se ongeluk, vir my "hemel" geword het, steek ek 'n mooi rooi loerieveer in die hoed van die Marais en Cordiers en andere wat die stukkie egte boerekultuur vir ons agtergelaat het. Mag Berg-en-Dal ook op een of ander manier betrokke raak om hierdie erfenis te bewaar - en Elsie - 'n veer ook vir jou hoed.

Ek sou graag 'n loerieveer vir elke werker wat die spoor oor die Outeniqua gebou het wou gee. Ontbyt op die trein is een van die groot lekkertes van die stapgroep. Dit bring soveel herinneringe van ons studentedae terug; ek mis dit vir niks in die wêreld nie. 'n Veer vir Carlien wat elke keer al die reëlings getref het.



Eb-en-Flow: dis daar waar ek die meeste loerievere optel - ek steek graag vir al die Dinsdagstappers 'n veer in die hoed; vir al die luister na mekaar, uitdeel van resepte, grappies en veral die storie van Colene se BOK.

Ek kan nog baie vere uitdeel, maar ek het nou nog net een veer - dis 'n baie kosbare mooi rooi veer en ek sou dit graag in Louis se hoed wou steek. Ek is so dankbaar dat ons paaie gekruis het - so dankbaar dat ons na hom kon luister, van hom kon leer, kon deel in sy grappies, sy liefde, sy wysheid. Ek bring graag hulde aan hom met die mooiste rooi loerieveer.



# DRAKENSBERGE: APRIL - MEI 1996
deur Louise Saayman

Openbaring 22:13
"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde....."

Ons glo van harte dat ons Hemelse Vader ook die begin en die einde van ons stap was. Daarom buig ons in stille dankbaarheid voor Hom neer. Dit was 'n vreugde om nuwe vriende te maak en behoorlik deur dik en dun saam met almal te kon gaan.

28 April 1996
Met groot gedruis arriveer drie voertuie by Mike's Pass karavaan staanplek om by Danie en Louise aan te sluit. Almal is daar - Herman, Annekie, Helene, Allan, Carlien, Salomé, Mathie, Faan, Rufane en Alétte. Willie kom per voet - sy hak is nog seer.

Nou word daar georganiseer. Willie wil gaan regmaak wat verkeerd is; Faan, Allan, Danie en Louise moet die voertuie na Dragon Peaks neem. Danie bring al die bestuurders weer terug na die karavaan staanplek by Mike's Pass. Dié aand word daar vleis gebraai asof niemand ooit weer vleis sal kry nie. Almal gaan ook vroeg slaap, want daar lê 'n strawwe ses dae voor.

29 April : Dag 1
Daar word vroeg opgestaan - Willie en Annekie, ons leiers, is haastig en Faan, die kondukteur, blaas sy fluitjie. Dit is 'n geskarrel en regmaak. Willie en Danie neem die rugsakke na Cathedral Peak Hotel waar die beginpunt is. Faan, Annekie en Mathie pas die oorblywende bagasie op. Danie sal hulle later kom haal. Die res van die geselskap vat solank die pad. Faan-hulle moes nog eers 'n Duitser help inbreek in sy motor. Dié se sleutel lê in die motor se kattebak toegesluit. Hulle begin dus darem hulle dag met 'n goeie daad!

Na 'n foto-sessie word die rugsakke gestel - alles voel maar swaar en ongemaklik. Nou is ons eindelik op pad... Ons begin flink, want vanaand wil ons aan die voet van die Tseketseke Pas slaap. Alétte kry 'n slang langs die pad, maar "ruk haar so op", dat sy hom sommer uit die pad skop! Ons gaan by Mushroom Rock verby. Ons stap ongeveer 7,5 km en klim 520m. Tussen ons is daar ses tente en 'n geskikte terrein word gesoek. Dit is maar klipperig en vol graspolle. Willie, Faan en Helene kry staanplek in die bo-dorp. Salomé in die midde-dorp en Allan en Rufane in die onder-dorp. Faan en Mathie het 'n pragtige Cycad-tuin, maar ongelukkig met 'n toilet daarby! (Te laat uitgevind.) Daar word vyfuur ingekruip, want dit is baie koud. Daar



word maar baie gestoei met die klippe en bosse onder elkeen, maar kort voor lank slaap almal met sulke ligte snorkgeluide. 'n Padda het besluit dat Willie 'n beter slaapmaatjie as Annekie is en het lekker sag en soet by hom geslaap.

30 April : Dag 2
Die fluitjie word geblaas, maar die boodskap kom deur - lê maar nog 'n bietjie, die tente is te nat en te ge-ys om op te pak. Almal "ruk hulle op" en besluit opstaan is beter as die polle en klippe. Vandag lê 'n harde dag voor; ons moet dié Pas uit. Dit is maar 4km (ons is sommer netnou daar), maar 1030m moet gestyg word tot 'n hoogte van 3010m. Ons sukkel om die paadjie te kry. Rufane val en lyk of hy in die oorlog was. Dit gaan al beter oor klippe en kranse. Salomé besluit sommer al vroeg dat sy die tog met een voet kan aanpak. Allan se sak reken ook dit is beter om af te rol as om te op! Ons klim agt ure aan die 4km. Doodmoeg kry ons na 5km water en besluit dat kamp beter is. Alle skrape en beserings word nou gedokter. Dit is snerpend koud en vyfuur is almal weer in die tente. Ons begin al gewoond raak aan 'n pol onder elke heup, waar eintlik 'n holte moes wees. Helene en Louise het die meeste polle asook 'n muis as bonus!

1 Mei : Dag 3
Ons staan sesuur op - die ryp en koue pla - ons sukkel om ons tente wat ge-ys is, op te rol en die hande is dom van koue. Dit is so wonderlik om elke aand, soggens en deur die dag met ons Here te praat hier hoog bo in die berge en sy wonderlike skepping te aanskou. Ons het die wonderlikste dae sover gehad - sodat ons elke piek kon herken met Annekie en Willie se hulp. Willie het ons wel so nou en dan op 'n dwaalspoor met die name, maar Annekie help reg. Die Pyramid en Column was van die eerstes, daarna die Inner en Outer Horn, Chessman, Twin en Cathedral Peak. Nou kan ons van hierbo Cleft Peak ook beter sien. Ons vorder baie stadig met Salomé se een voet en eet middagete bokant "Organ Pipes Pass." Ons stap voor om Ndumeni Dome en grotte. Ons het die mooiste vergesigte van Cleft Peak op hoogte 3291m. Alétte sê nou is haar woorde op na sy hier van bo af alles gesien het.

Ons kry twee skaapwagters wat met hulle honde bokke jag in 'n mooi vallei aan Lesotho kant. Willie besluit ons moet kamp waar ons water kry. Ons het vandag ongeveer 9km gevorder met Salomé se een voet. Kajuitraad word gehou en daar word besluit môre moet ons iewers af, anders gaan ons eers lank na ons bestemde tyd uitstap. Tlanyaku Pas is volgens die kaart nou die naaste, maar ook gevaarlik. Dit is die eerste aand wat dit nog lekker lig en warm is en almal gaan was. Helene en Louise kry toeskouers - die skaapwagters, maar hulle wou maar net kyk wat doen die vreemde wit wesens kaal in die water! Ons kamp is ± 7 km van waar ons moes wees. Sesuur is alle tente toegerits vir die koue. Louise het Carlien se hare ook

vasgerits - sy moes maar sittende slaap - so het Allan toe meer spasie in hulle klein tentjie! Helene en Louise se tent staan verkeerd en so draai hulle hul binneste in die nag só dat Louise se slaapsak geknoop raak.

2 Mei : Dag 4
Opstaan in die ryp. Beweeg redelik vandag, die terrein is nie te sleg nie, vat effens kortpad agter Little Saddle en Sugarloaf verby. Kom by Tlanyaku Pas aan. Almal besef maklik gaan dit nie wees nie - ons kan die paadjie sien en almal is maar bewebene! Gevaarlik is en lyk dit! Ons daal vier uur lank aan 6 km met sy voorvalle. Annekie het haar broek deurgeskuur soos sy op haar boude die paadjie gevat het! Mathie besluit om te rol is makliker af - ons dank die Vader dat sy betyds kon stop. Teen een krans het almal maar hangende en wit aan die ander kant gekom, veral Faan het geklou soos 'n neet. Almal se senuwees was toe al baie dun geskaaf. Annekie se kamera het intussen ook besluit genoeg is genoeg en het ver gerol. Ons was bly om slaapplek regoor Schoongezicht grot, in die rivierbedding te kry. Ons het so ± 10 km gestap. Almal is nou al so gewoond aan pasta, sous en sop dat dit al begin lekker word. Ons tente staan ver uitmekaar, behalwe Faan en Mathie wat bang is en styf langs Helene en Louise tent opslaan.

3 Mei : Dag 5
Vroeg opstaan sonder ryp. Ons was nog nie heeltemal seker of ons op die regte pad is nie. Later in die oggend herken Louise die pad en die middag eet ons by die Ruïnes. Ons is ook by 'n baie mooi waterval en swemgat verby. Ons moes weer 'n slag sukkel tussen die hoë bosse deur en ook oor die Emhlwazini-rivier. Salomé besluit toe haar skoene is vuil en gooi hulle oor, waar dit in die water beland en afdryf. Gelukkig kon ons hulle red. Was ook nie veel skoner daarna nie...Die "choppers" wat ons al die hele week gewaar het, kom vandag laag oor ons koppe in die valleie langs. Hulle is besig met reddings-oefeninge. Hul basis is by Dragon Peaks. Ons kry nog stappers wat op pad is na Anton's Cave. Willie het al die oggend vroeg reën voorspel en die middag tref 'n donderstorm ons en dit hou vir so 'n halfuur aan. Gelukkig kon ons onder 'n krans skuil. Na ongeveer 14km besluit ons om tent op te slaan teen die hange van Hospital spruit. Daar is geen water naby nie. Die water wat by ons is, word gespaar vir ete en die absolute nodigste kommoditeite! Die tentjies staan vanaand drie-drie langs mekaar. Alétte sê sy slaap vanaand met 'n klip onder elke kieliebak. Ons het lank met mekaar deur die tentmure gesels en na elkeen se stories en godsdiens geluister. Herman se besielende godsdiens sal ons altyd onthou.

4 Mei : Dag 6
"Ons ruk ons almal op" en begin vroeg loop nadat Willie vir Salomé-hulle van sy



water gegee het vir koffie. Ons tente is maar nat, maar ons is al gewoond aan die gedrup agter ons in die dag. Ons kry weer die ander groep stappers wat vir ons die pad beduie langs die mespunt en Jacob se leer af. Ons eet vir oulaas almal in 'n ry teen die hange. Na die hekkie loop die agterste klomp verkeerd en Allan en Willie kry raas. Ons gaan verby Drakensberg Sun en is om 3nm na 15km by Danie by Dragon Peaks. Almal maak hulle mooi en na ons met gebed afgesluit het, vertrek die groep (behalwe Danie en Louise) na Drakensville waar hulle oornag voordat hulle die lang tog huis toe aandurf.



*voor: Salomé, Mathie, Louise, Faan*
*agter: Allan, Carlien, Helene, Alétte, Annekie, Herman, Willie, Rufane*

## DRAKENSBERGE : APRIL - MEI 1996

deur Salomé van Wyk

*Exploring is delightful to look forward to and back upon, but it is not comfortable at the time, unless it be of such easy nature as not to deserve the name.*
- Samuel Butler, Erewhon.

DIE VOORBEREIDING VIR DIE GROOT STAP IN DIE DRAKENSBERGE

Almal het lank voor die tyd begin voorberei vir die GROOT STAP. Die Strausse het hulle tent voor die tyd opgeslaan in die voortuin en twee nagte buite in hulle voortuin geslaap om te voel. En "oh boy" so 'n tentjie voel darem klein!

Reeds 'n week voor die tyd het die groep bymekaar gekom ter voorbereiding. Annekie se aartappelgereg sou 'n wenner gewees het op die staptog, maar wie sou die oond dra? Willie het die reëls behoorlik neergelê. Baie ekstra klere is nodig. En die beplande roete kan te enige tyd verander as die nood druk. Mis kan opkom of die reën kan ons vang en dan kan ons dae op die BERG sit. En dit kan nog sneeu ook.

Uiteindelik vertrek die groep van elf 05h15 een Saterdagoggend. Langs die pad is dit al duidelik dat sommige mense beter voorberei is as ander. Herman het skoon vergeet ons moet twee dae op die pad spandeer. Maar met die baasvoerder Mathie in die groep is dit geen probleem nie.

Aangekom in Lady Brand by Leliehoek is dinge heelwat anders as wat voorspel is. Dit voorspel niks goeds vir die BERG nie. Leliehoek is nou onder Chinese bestuur en slegs een hut vir ses mense is voorberei. Terwyl ons besig is om te braai kom die plaaslike "Hell's Angels" daar aan en "ref" hulle voertuie feitlik die hele nag.Toe daar in die middel van die nag 'n geweldige stamp is, is Faan dadelik buite om sy turbo bakkie te red. As hy kon, sou hy die bakkie by hom in die chalet laat slaap het!

Uiteindelik kom ons by die berge aan. Natal is nie verniet die land van duisend heuwels nie. Ons is nog nie naby die plato nie, maar die heuwels rol en rol. By Mike's Pass kamp word die tente dadelik opgeslaan. My en Alétte se nuwe tent trek baie aandag, maar nie so baie soos die marstentjie nie. Die Smutse se tent is so klein en "cute" dat selfs marsmannetjies daarmee tevrede sou wees!

Intussen drink almal water dat die Sterkfonteindam se water amper opdroog. Alles ter voorbereiding van die ekspedisie wat voorlê. Terwyl ons wag en water drink en gevoer word deur Mathie word 'n vorm ingevul met elkeen se persoonlike



besonderhede op. Die klem val op PERSOONLIK. Dit is so erg dat ou mense sou sê hulle is besig om boedel oor te gee. Die vrouens moet wragtie hulle ware ouderdomme verskaf. Skone belaglikheid. Maar nee, dit is mos vir die MOUNTAIN RESCUE. Asof ons teen die tyd nog nie genoeg gewaarsku is nie! En die nag reën dit selfs 'n bietjie! As oom Hendrik by was, dan het hy seker begin sing: "O, liewe tyd hier begin die moeilikheid."

Louise is die twaalfde lid van ons geselskap en sy en Danie het met hulle "camper" vir ons gewag by Mike's Pass kamp. Sy haal die aand vir elkeen van die vrouens 'n klein geskenkpakkie uit. Nie vir mans se oë bedoel nie en net vir gebruik in 'n noodgeval. Wat kan dit wees?

Die oggend tydens ons vertrek help ons ook nog 'n paar Duitsers om hulle kar oop te maak, nadat hulle sleutels in die kar toegesluit is. Dit doen ons alles in ons "stride", want ons is reg vir die BERG.

DIE PYN EN LYDING.

Die voorbereiding was nie verniet nie. Voordat mens nog begin stap moet jy ongeveer 4km stap net om by die beginpunt te kom. En daarvandaan is dit net moeite en verdriet! Jou asem blaas van die dun lug. Op die eerste dag kry ons so 'n "glimpse" van die berg en met die mis is dit in elk geval 'n skoonheid op sy eie.

Reeds die eerste dag verander Mathie se naam van BAASVOERDER na VOORNEMENDE KOPER en toets sy die Klein Berg uit op haar knie. Die nag trek die wolke weg en ... toe sien ons waarteen ons moet uitklim. Tsekeseke pas word in die boeke gradeer as "MODERATE". Moderate se kontoor! Eers is dit 'n "geboendoe bash" erger as Jonkersberg. Ons vorder nie eers 'n kilometer in 'n uur nie. Die Column en Piramide troon net al hoër bokant ons uit. Ek val en verstuit my enkel. Lyk asof die val toe sommer my blus en balans weggeneem het, want skaars 15min later toe val ek weer! Ek neem die kroon van GRONDBARONESSE oor by Mathie.

Die groep stap egter flink. En as Willie nie pasop nie dan ruk ons ons op en sit ons voet neer vir die sukkel-sukkel pas en voor hy kan sê "Cheeky-Cheeky" is ons bo. Hier teen die laaste uur van die pas raak dit werklik steil. Daar is geen paadjie nie en ons trek ons op aan die graspolle. Terwyl ons vir 'n rukkie sit om ons asem terug te kry, haal Allan sy sak af en daar begin dit rol! En dit rol en rol en Allan storm agterna en ons ander gil dat hy moet stop. Omtrent 20m verder kom die sak tot stilstand. Ons het al gesien hoe moet Allan die hele pad tot onder terug stap. Toe kom die mis op! Willie is baie bekommerd, want ons het nog omtrent 4km bo-op die

berg om te stap en dit is al laat en as dit mistig is kan ons in elk geval nie stap nie. Daar is gewoonlik nie water bo-op die passe nie en die naaste water is vêr ondertoe.

Mathie en ek begin bid vir sonskyn as ons bo-op die berg kom. En prys die Here, toe ons bo-op die berg kom, kom die son uit. Dit is al amper vieruur en die geselskap is moeg en klaar. Sal hulle nog 4km kan stap tot by die water? Die mis kom toe ook weer op. Willie loop 'n entjie vooruit om die pad te soek en dalk water - 200m verder kry hy 'n rivier en kampplek. Die Here het weer voorsien.

Dit is bitter koud toe ons die tente opslaan en ons hande en voete is "afgevries". By die wasplek word daar baie oppervlakkig gewas en party mense besluit selfs teen die was en gaan slaap net so vuil. Gelukkig het Carlien heelwat whisky en sy lawe 'n paar ontbeerde lywe.

Sesuur is dit donker en almal lê, klaar geëet en reg vir die nag! Meeste van ons wonder hoekom ons, ons op hierdie tog begeef het, want lekker is dit beslis nie. Alétte besluit dat daar darem die mooiste en wonderlikste gesigte moet wees op die berg om haar ooit weer op die berg te kry. Ek besluit net daar om my doelpale van my ideaal om Kilimanjaro voor die einde van die eeu te stap, te versit. My ideaal is nou om Kilimanjaro voor die einde van die jaar 3000 te stap!

En ons almal weet dat hy mal is. Dit is nou die beroemde bergklimmer toe hulle hom gevra het hoekom hy berg klim en hy geantwoord het: "Because they are there!"

## DIT IS DIE MOEITE WERD

Maar hy was verkeerd. Dit is nie net omdat hulle daar is dat ons die berge invaar nie. Die volgende oggend toe ons opstaan was ons tente en die omgewing spierwit geryp. Terwyl ons die tente afslaan sien ek hoe die druppeltjies dou in die lug vries. Ek het nog nooit so iets in my lewe gesien nie. Ons hande en voete is blokke ys en ons vingers is amper te dom om die tent af te slaan. Maar die lug is helder en blou. Dit gaan 'n mooi dag wees. Annekie sê dit is die derde keer dat sy gaan probeer om die uitsig vanaf Cleft Peak te sien. En drie keer is mos skeepsreg. Ons staan bo-op Cleft Peak en kyk uit op die bergreekse aan ons linkerkant.Dit is alles vanaf Mont-aux-Sources tot by Cathedral Peak. En reg onder ons troon die Column en Piramide in die lug op. Ja, daardie magtige rotse is nou ONDER ons! En toe daal die grootsheid en die prag van die skepping op ons neer.

En terwyl ons daar kyk sweef 'n arend verby. En daarom vaar ons die berge in. Die Here sê in Jesaja 40:31 - "maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag. Hulle vlieg



met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en word nie afgemat nie."

## ONTHOU JY NOG

Jy wat saam was. En die ander van julle wat al voorheen al daar was. Onthou jy nog die stilte? Onthou jy die wind? Onthou jy hoe klein jy gevoel het teenoor die majestueuse kranse? Onthou jy nog daar waar ons onder die kranse gesit het waar die grot was, net nadat ons die bokkies gesien het? Die kilometer wat ons teen die berg uitgeklim het, was soos kinderspeletjies. Ons was hoog bo die wêreld se gestoei. Onthou jy nog toe ons die middag gebad het? Eers was die Basoetho-klonkies daar, maar toe het hulle gee pad. Onthou jy die son se warm strale op jou kaal lyf? Die rustige tevredenheid wat oor ons neergedaal het. Onthou jy hoe lekker die sop en die pasta was en daardie paar slukkies "old brown sjerrie"!?

Onthou julle hoe glad die klowe aan die anderkant van die kloof gelyk het daar op Tlanjaku-pas? Dit het gelyk soos fluweel! En die klowe en die plooie van die berge op berge. En die kranse wat al hoe meer bokant ons uitgetroon het terwyl ons al laer gedaal het. Dit was Dragonsback wat ons oorkant kon sien. Daar was 'n waterval wat uit die hoogte van die kranse afgeval het. Dit het soos 'n klein ou stroompie gelyk, maar dit was vêr en ons weet dat dit vir die arende wat daar swiep 'n groot stroom was. Onthou julle die dankbare vrees elke keer as 'n groot klip afgerol het in die diep kloof daar onder? Hoe die klip momentum opgetel het en uiteindelik 'n groot rots getref het en in duisende stukkies gespat het. Onthou julle hoe snaaks dit was toe Annekie se broek deur was van skuur op Tlanjaku-pas? Die verligting toe haar kamerasak nie ook tot heel onder in die kloof gerol het, soos die klippe nie.

Onthou julle nog Ndema-"gorge"? Die rivier daar onder ons. Die groot stuk natuurlike bos. Bome so groot soos dié in die Knysna-bos. Die lekker warm son. Wat van die wonderlike waterval wat daar onder in die kloof was. As dit somer was het ons sekerlik in die poel baljaar. Die koelte onder die bome by middagete. Daar waar ons lekker sou kon kamp as ons nie nog baie gehad het om te loop nie. Onthou julle die vrees vir die rivier wat ons moes oorsteek? Die lekker lag van verligting oor Salomé wat probeer het om haar skoene oor die water te gooi en toe hulle kaplaks binne in die rivier geval het. Daardie keer was Allan die held. Nie soos die keer toe hy by die afdraaipad, na die hekkie op "Jacob's Ladder", versuim het om te wag dat die agterstes bykom nie.

Onthou julle die ligte donderstorm en die reën? Die oorhangrots daar by die stroompie waar ons geskuil het. En die genade dat dit net 'n kort buitjie was en dat die weer gou oorgetrek het. Onthou julle daardie laaste aand se kampplek en die

harde klippe onder ons lywe? Die klein bietjie water waarin jy gewas het. Jy wat gewas het. Onthou julle die lekker gesels uit die verskillende tente? Ja, onthou julle die gesoek na die regte paadjie daar teen die einde? Die warm stort en ten spyte van die rou geskaafde nerwe die gevoel van samehorigheid toe ons vir oulaas 'n kring maak en Sy Naam aanroep. Ja, onthou jy nog?!



*"Tente-dorp" bo-op die Drakensberge*



## MELVILLE - PIEKE

deur Faan Strauss

Saterdag, 25 Mei 1996 om 07h30, en 'n groep van veertien van ons lede pak Melville-pieke aan. Dit was veeleisend maar baie bevredigend. Ek kyk nou met ander oë na Melville-pieke.

Dit het die vorige dag gereën en soos verwag kon word was die roete, eintlik net sekere gedeeltes - veral waar die voetpad langs suidwestelike en suidoodtelike hellings kronkel, BAIE BAIE, nat en glad.

Nadat ons die gebaande weë verlaat het en die eintlike voetpad betree het, was ons deursettingsvermoë en veral die wil om Melville-pieke te bereik, tot die uiterste beproef. Slegs Hendrik se ysere wil en "nat-veragtende" leierskap, asook Coleen se hartsbegeerte om Melville-pieke te bereik het ons laat volhard.(laasgenoemde twee het deur die ystervaringwoud voor geloop.)

Iewers op 'n droë plekkie - ja, daar was nogal enkele droë plekkies - het ons teetyd gehou, waar vier van ons geselskap besluit het genoeg is genoeg, en nie verder saam geworstel het nie. Na teetyd het die roete algaande steiler en gladder geword, maar ek gaan die gladder eers oorslaan en liefs 'n bietjie van 'n relaas daaroor gee by die terugtog - dit was nogal snaaks.

Daar was nie baie ruskans nie, want die horlosie het onverbiddelik die tyd afgetik en ons het teen 12h00, met inagneming van die toegegroeide toestand en algemene moeilikheidsgraad van die roete, begin bekommerd raak dat die tyd ons gaan inhaal. Teen omstreeks 12h40 het ons vinnig kajuitraad gehou en besluit om voort te gaan tot 13h00. Wat was ons verbasing groot toe ons skielik besef hier gaan ons om die laaste draai en daar staan die "wit baken" van Melville-pieke voor ons oë. Ons was op die kop om 13h00 op die KOP - meer berg as kop!

Met miswolkies wat omtrent aan alle kante van ons teen die hange opgekruip het, het ons nogtans 'n wonderlike 360- grade uitsig en vergesig gehad - ek sal dit liefs nie probeer beskryf nie, want ek kan nie.

Om 13h20 begin die terugtog. Annie stap voor en sy skrik vir die spreekwoordelike niks. Ons stap 'n vuurwarm pas totdat ons by die beloofde gladde deel kom.

Almal, met die uitsondering van die vlugvoetige Louise, het grond gekoop (behalwe as sy dit skelmpies gedoen het.), maar die terugtog het aan Coleen behoort, of meer

bepaald dan, die gladde deel daarvan. Dit het omtrent soos 'n refrein geklink..."hier gaan ek alweer". Hendrik het by geleentheid gesê as hy nie vir Coleen onder die ystervarings sien ingly het nie, sou hy bo-oor haar geloop het en haar nie gewaar het nie.

By'n ander gladde geleentheid, terwyl ons nog so stap, verdwyn Annie eensklaps voor my en Louise se oë, dit was waar die voetpad so 'n "super tube" draai maak en ons moes eers om die draai gaan om haar 'n meter of twee verder in sig te kry.

Nouja, na nog heelwat gladde grappe en opmerkings, soos toe Hendrik vertel het van die atleet wat so baie medaljes met sy hol gewen het, was ons uiteindelik teen omstreeks 17h00 terug op Saasveld. Baie moeg, maar almal baie bly dat ons veilig terug is.

Ons dank aan die Skepper van dit alles dat ons dit kon sien, belewe en geniet, asook vir Sy veilige bewaring - juis op dié dag wat bestem was vir die JESUS MARS.



DIE BERGKODE

Toegang tot die natuur is 'n voorreg en behels 'n verantwoordelikheid vir die bewaring van die fauna, flora en die natuurskoon - die erfenis van toekomstige geslagte.

Respekteer asseblief:

Die berg

deur op die voetpaaie te hou, u rommel huis toe te neem en nie vure te maak, water te besoedel of dade van vandalisme te pleeg nie.

Die flora

deur dit nie te vertrap, plante blomme of sade te versamel of bome te beskadig nie.

Die fauna

deur dit nie dood te maak, te vang of op enige wyse te versteur nie.

Ander besoekers

deur nie rotse af te rol, klippe te gooi, radio's of bandopnemers te speel, te skreeu of ongemanierd op te tree nie.





*'n Meerkat wat uit sy gat loer? ... of...*
*Allan Smuts wat uit sy tent loer?!*